


# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

# Lydenstyd

**24 FEBRUARIE 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE
**03**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Visionering | **Buitengewone Sinodesitting Vrystaat**

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **Inspirerende Predikings**

04 JST | **The Journal of Systematic Theology**

04 Netwerke | **Spiritualiteit Netwerk**

04 Afrika-Ekumene | **Op besoek aan ons susterskerk in Zambië**

04 Werkgroep vir Islam | ***Dawa*** **het individuele bekeerlinge in die oog**

04 Taakspan Vrouebediening | **"Skep 'n rein hart vir my"**

## 06 ARGIEF

06 Uit 'n ryk Verlede | **Kestell Kranslegging**
*Deur* ***prof Piet Strauss***

06 **J.D. Kestell** as Vrystaatse Veldprediker in die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902

## 08 EKOLOGIE

08 Malawi-jeug | **Malawi-jeug ekologies bemagtig**

08 Malawi-jeug | **Fishers, Trainers and Senders (FTS)-bediening in Malawi**

## 10 AKTUEEL ALGEMEEN

10 Diaconia | **NG Kerk uitreik na Turkye**

11 CLF | **Christelike Lektuurfonds**

12 Advertensies

13 CLF | **Pinksterreeks 2023**

## 15 OPLEIDING

## 17 PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 18 KALENDER

## 19 BETREKKINGS

## 21 VERJAARSDAE

## 22 'N LAASTE GEDAGTE

## 23 KONTAK ONS

# Lydenstyd

Lydenstyd is ’n tyd van besinning en voorbereiding met die oog op die viering van Paasfees.

Die sentrale fokus van hierdie tyd is die lyding van Jesus wat uitgeloop het op sy dood aan die kruis en sy opstanding uit die dood.

Die oorsprong van Lydenstyd is te vinde in die oudkerklike gebruik om die doop van nuwe lidmate een maal per jaar tydens die Opstandingsfees op Paassondag te laat plaasvind.

’n Tydperk van 40 dae (met verwysing na die tyd wat Jesus voor die begin van sy openbare optrede in die woestyn deurgebring het) is gewy aan die voorbereiding en onderrig van voornemende dopelinge. Omdat die Sondae in Lydenstyd steeds as viering van die opstanding van Christus beskou is, het die 40 dae op die Woensdag (bekend as Aswoensdag) ses weke voor Paasfees begin.

Mettertyd het die gebruik ontstaan dat reeds gedoopte persone ook hierdie tydperk ingerig het as ’n tyd van selfondersoek en hernieude toewyding.

Daarmee word uitdrukking gegee aan die oortuiging dat die gedoopte gelowiges saam met Christus gekruisig is en ook saam met Hom uit die dood opgestaan het.

Oorgeneem uit
***BIBLE MEDIA MISSIO, Woord en Fees 2022/2023***
*© Copyright Bible Media*



# Uit die Redakteur se pen

In hierdie Vrypos-uitgawe kyk ons na die "Spiritualiteit Netwerk" en hul visie vir 2023. Gaan loer gerus na die nuutste JST-uitgawe. Dr Nico Mostert was "Op besoek aan ons susterskerk in Zambië" (Afrika-Ekumene) en dr Enrico Casaleggio meen "*Dawa* het individuele bekeerlinge in die oog" (Vennote in Getuienis). Béneli Pretorius gee ook terugvoer oor die sukses van die Sinodale Vrouekonferensie wat op Saterdag 11 Februarie plaasgevind het.

**Dagboek dié |** NG Kerk Vrystaat Buitengewone Sinodesitting op Dinsdag 18 April 2023 te *Summerwood Country Estate*, Bloemfontein.

Kom loer, lees en leer saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

**Die volgende Vrypos-uitgawe sal op Vrydag 10 Maart verskyn. Kyk gerus na ons webbladkalender vir belangrike datums.**

Lekker lees.

**Groete**

Celicia McLean

NG Kerk
Vrystaat

# BUITENGEWONE SINODESITTING

# 18 APRIL 2023

**SUMMERWOOD COUNTRY ESTATE**

BLOEMFONTEIN

***Die Buitengewone Sinodesitting sal net een dag duur.***
***Relevante inligting sal vroegtydig deurgegee word.***

*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***

VRYPOS-FOKUS

# BUITENGEWONE SINODESITTING

## VRYSTAAT | 18 APRIL 2023

DEUR DR LEON M FOOT, SKRIBA MODERAMEN

*"Laat U Naam geheilig word ..."*

*"Laat U koninkryk kom ..."*

*"Laat U wil geskied ..."*

**Die Vrystaat hou 'n Buitengewone Sinodesitting op Dinsdag 18 April 2023.**

Tydens die vorige sinodesitting in Maart 2022 was daar 'n hele aantal beskrywingspunte wat onder andere gevra het dat die Sinode van die Vrystaat op grond van Kerkorde Artikel 37 haar bande met die Algemene Sinode moet verbreek.

Hierdie versoeke is hoofsaaklik gebaseer op die besluite oor selfdegeslagverbintenisse, maar ook sekere ander sake soos teologiese opleiding, ensovoorts.



Die Sinode het besluit om 'n aantal studiegroepe aan te wys om die Moderamen te dien met inligting en voorstelle. Die studiegroepe het gefokus op Skrifgesag, Kerkverband en ons Belydenisgrondslag. Die verslae van die studiegroepe is indringend bespreek tydens die streeksbyeenkomste wat in Kroonstad, Bloemfontein en Bethlehem gehou is.

Na aanleiding van hierdie verslae het die Moderamen besluit om wel 'n Buitengewone Sinodesitting te hou op 18 April 2023 om te besluit oor ons moontlike losmaking van die Algemene Sinode.

Die sitting sal slegs een dag duur en wel van 9vm tot 4nm.

Dit sou in gevalle wees waar die afgevaardigdes oorlede is, of waar die leraar weg is uit 'n gemeente, of die gemeente 'n nuwe leraar gekry het en so meer. In sulke gevalle moet 'n nuwe geloofsbrief so gou moontlik ingedien word.

Aangesien die buitengewone sitting belê word vir 'n spesifieke saak, word geen ander sake daardie dag hanteer nie. Die volledige Agenda met alle relevante dokumentasie sal waarskynlik in die tweede week van Maart aan gemeentes gestuur word. Dit kan ook aan lidmate beskikbaar gestel word. Verdere inligting oor die kostes vir die vergadering sal later aan gemeentes deurgegee word.

Die vergadering sal DV gehou word by die *Summerwood Country Estate*. Die afgevaardigdes na hierdie sitting is dieselfde as wat die vergadering in Maart 2022 bygewoon het.

Daarom is 'n nuwe geloofsbrief in die meeste gevalle nie nodig nie. Waar die situasie in die gemeente wesenlik verander het, moet nuwe geloofsbriewe ingegee word.

Kom ons bid hier in lydenstyd vir ons Sinodesitting. Dit is nie 'n geringe saak op die tafel nie, en dis ook nie net 'n praktiese besluit nie. Artikel 37 bepaal dat 'n sinode *uit die algemene sinodale verband [kan] tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig*.

Kom ons bid dan vir geestelike leiding vir ons besluit op 18 April.

***Foto:***
*Dr Leon M Foot, Skriba van die Moderamen*

Lees hier »

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

**Inspirerende Predikings**

*Dr Wessel Wessels, Erediens Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volume 2 | Uitgawe 3

***The Journal of Systematic Theology***

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*



**Loer hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Netwerke

**Spiritualiteit Netwerk**

*Magdaleen du Toit*
*in samewerking met Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Afrika-Ekumene

**Op besoek aan ons susterskerk in Zambië**

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

***Dawa het individuele bekeerlinge in die oog***

*Dr Enrico Casaleggio*
*Raad van Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

VISIONERING

Taakspan Vrouebediening

**"Skep 'n rein hart vir my"**

*Béneli Pretorius*
*Voorsitter Taakspan Vrouebediening*



**Lees hier**

www.ngkerkvrystaat.co.za

KYK UIT VIR **NG KERK VRYSTAAT** SE

# NUWE KRAAKVARS WEBTUISTE

NG Kerk
Vrystaat

## NUWE WEBTUISTE BINNEKORT AANLYN

*Let daarop dat die huidige webtuiste vir 'n kort tydperk onder konstruksie sal wees*




**MAART** 2023

© **2023** NG Kerk Vrystaat

Deur **prof Piet Strauss**

# KESTELL KRANSLEGGING

***J.D. Kestell** as Vrystaatse Veldprediker in die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902*




## Inleidend

Een oortuiging wat in die Anglo-Boereoorlog (ABO) in die gemoed van J.D. Kestell geleef het, was dat 'n verlies van sy staatkundinge en politieke onafhanklikheid deur die oorlog nie die einde van die Afrikaner as kultuurgemeenskap hoef te beteken nie (Kestell 1902:94-95). Sy kultuurverbintenis wat spruit uit 'n vrywillige assosiasie met 'n sekere kultuurgemeenskap, word nie geskep deur staatswetgewing nie en kan, hoogstens, as 'n steeds veranderende verskynsel wetlik beskerm of onderdruk word. Boonop lei dwang van die owerheid teen die kultuurbesit van 'n groep dikwels tot weerstand en hernieude kultuurgroei by daardie groep. 'n Regeringsbeleid van verengelsing het Afrikaans en Afrikanerwees by talle Afrikaners gestimuleer en meegebring dat hierdie taal en sy voorloper Nederlands, in die Suid-Afrikaanse grondwette van 1910 en 1961 beskerm is (Malan 1959:55).

Kestell het hierdie oortuiging met die Vrystaatse Driemanskap in die ABO naamlik president M.T. Steyn, generaal C.R. de Wet en ds J.D. Kestell self gedeel: Steyn die staatsman, De Wet die krygsman en Kestell as geestelik-godsdienstige leier (Van Schoor 1993:4). Dit was Steyn wat die stryd van die Boererepublieke (die Zuid-Afrikaansche Republiek of ZAR en die Republiek van die Oranje-Vrystaat of Rep van OVS) tot die bittereinde benadruk het: Ter wille van die selfrespek van die Afrikaner en die respek van ander vir hom en sy kinders. 'n Stryd tot die bittereinde ter wille van die nie-staatlike kante van sy voortbestaan. Sonder hierdie respek was sy toekoms donker (motiveringsrede voor die ABO in die Vrystaatse Volksraad op 27 September 1899, OVS Volksraadsnotule 27:09:1899: 145-146). Volgens president Steyn sou die volharding van Afrikaners tot die bittereinde – die bittereinde as 'n fase in die ABO waaroor Boere verskil het (kyk Kestell en Van Velden 1982:83,135,141) – met sy geregverdigde weerstand teen die oorlogsugtige Britse imperialisme aan hom die morele oorwinning besorg (Strauss sa:9).

***Oorgeneem uit** die Vader Kestell lesing deur prof Piet Strauss, met toestemming.*

**Lees meer** »

As ek die woord **GRATIS** hoor, spits ek my ore.
As ek hoor **GRATIS boeke**, het jy al my aandag!

# GRATIS

## B O E K E

NG Kerk Vrystaat

***Foto:** Mediateek, Sinodale Kantoor*



Al die boeke is **GRATIS!**

Die goud wag om ontgin te word.

*Deur **Dr Leon M Foot***

In ons moderne wêreld met boeke op ons rekenaars en selfone, bly ‘n papierboek in die hand darem maar besonders. In die Sinodale kantoor is daar ’n klein goudmyn waarvan min leraars weet. Soos wat van ons ouer kollegas aftree, kom gee hulle van hulle teologiese boeke by die kantoor af. Hierdie boeke is gratis beskikbaar vir wie dit ook al kan gebruik. **Die boeke wissel in ouderdom van splinternuut tot produkte uit Gutenberg se tyd**, maar tussen-in is daar juwele.

**Van die kosbaarstes is die Swartband-kommentare wat deur ons eie top-teoloë geskryf is: Willie Jonker, Charles Fenscham, IL de Villiers, EP Groenewald, Adrio Konig**. Engelse kommentare is daar ook in oorvloed uit al die bekende en vertroude reekse. As jy Nederlands magtig is, is daar meer as waarvoor jy waarskynlik plek het op jou rak. **As jy ’n Griekse woordeboek benodig, of iets oor Paulus wil lees, of oor die Heidelbergse Kategismus**, dan wag hier vir jou ’n verrassing soos min. Of as jy net nog nie genoeg boeke op jou rak het nie! Jy moet dit net kom haal, of vra ’n kollega wat Bloemfontein toe gaan.

# MALAWI JEUG



***Oorgeneem uit** Getuienisaksie Eenheidsbediening,*
***VrydagNuus Sinode Wes-Kaapland***



## MALAWI-JEUG EKOLOGIES BEMAGTIG

Dis altyd vir ons Taakspan Ekologie 'n riem onder die hart as ons hoor van projekte wat mense help om op 'n ander manier oor die ekologie te begin dink, veral as dit onder die jeug gebeur.

Lees gerus van Louise Laubscher, bestuurder van die **Fishers, Trainers and Senders (FTS)**-bediening in Malawi wat 'n paar jaar gelede met bemagtigingskursusse begin het, waarvan een oor die grondbeginsels van boerdery handel.

---

DEUR **MARIËTTE ODENDAAL**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
• VGKSA Streeksinode Kaapland
• NG Kerk in Suid-Afrika
• Reformed Church in Africa

**Lees meer** »

# SESOTHO

## 'N WEG NA
## BETER VERHOUDINGE

Langenhovenpark Gemeente bied aan die gewilde

**BEGINNERSKURSUS IN SESOTHO**

'n Jaarkursus wat plaasvind op Donderdae om 18:00-19:30 en neem 'n aanvang op Donderdag 23 Februarie om 18:00 in die Kleinkerk van die NG Gemeente Langenhovenpark.

**Die kenmerkende Sesotho-gebruike en -begrippe is die fokusarea. Daar word weekliks (klasbywoning is van kardinale belang) nuwe woordeskat aangeleer met die doel om die voer van eenvoudige gesprekke in Sotho moontlik te maak.**

Die totale koste van die kursus beloop R2 000 (maandeliks afbetaalbaar by die kerkkantoor).
'n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar voor of op 21 Februarie om 11:00.

**NAVRAE: Kerkkantoor (051) 446 1131 | Riaan Stander 082 665 8478 | e-pos: myposduif@vox.co.za**



# NG KERK **UITREIK** NA TURKYE

**Deur** Diaconia, Sinode van Wes-Kaapland

Die sinodale diensgroep, **Diaconia** in die Wes-Kaap stel hul rampfonds diensbaar en moedig die publiek landwyd aan om by te dra tot 'n gesamentlike uitreik na Turkye.

***"As jy kans het en dink dit is die regte ding om te doen, kan jy hierdie inligting gebruik en 'n skrywe na al die sinodes uitstuur.***

***Ons bied bloot aan om dit te koördineer en doen dit met groot verantwoordelikheid."***

*Dr Gustav Claassen*
*Sekretaris: Algemene Sinode*

DIACONIA
GEE VAN JOUSELF | BE A GIVER | YIBA NGUMPHI

Ons land se mense is **omgeemense**



## Turkye en Sirië Rampondersteuning

'n Effektiewe en betroubare ramphulpfonds vir voeding en fisiese nood.

Diaconia
Nedbank
Rekeningnr: 1135900337
Takkode: 198765
Verwysing - vir beertjies: Teddies Turkye
Verwysing - geld vir die uitreik: Hulp Turkye

Kom ons maak 'n lewegewende verskil.

**Diaconia-netwerk** het verskeie bedieningsgroepe in Turkye om te verseker dat die fondse en ons boodskap van liefde, hoop, bemoediging en medelye by die regte plekke uitkom. Die inisiatief word heelhartig belyn met georganiseerde rampondersteuning wat tans plaaslik in Turkye gelewer word. Ons vertrou nou reeds dat die Here die pad sal berei dat dit meer as geld is wat uiteindelik by mense in nood uitkom. Daar sal deurlopend terugvoer gegee word oor die stand van die fonds, wanneer 'n oorbetaling gemaak word en waarvoor geld aangewend word.

Diaconia ondersteun ook die NG Gemeente Albertinia se inisiatief om beertjies na Turkye te stuur. Uitreikspanne sal nog vir maande wat kom, by mense uitkom wat diep getraumatiseer is, onuitspreeklike seer beleef en dalk alleen voel. Veral ook by kinders. Die Here het dit op hierdie gemeente se hart gelê om met hierdie projek iets in die rugsak van ramphulpwerkers te sit waarmee hulle kinders wat oor hul pad kom, kan troos.

Lees meer oor Beertjies vir Turkye **HIER**.

# Op die rak


**NÓÚ TE KOOP in alle CLF Boekwinkels**




## AVAILABLE NÓW in all CLF Bookshops!

https://shop.clf.co.za/contact-us/

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
BOOKSHOP
BOEKWINKEL







**LATEST PUBLICATIONS - GET YOURS TODAY at any CLF Bookshop!**

https://shop.clf.co.za/contact-us/

**JONGSTE PUBLIKASIES - KRY JOUNE VANDAG by enige CLF Boekwinkel**

BOOKSHOP
BOEKWINKEL




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier

# PINKSTER

## HOOP IN HANDELINGE

Deur

**Dr Pieter van Jaarsveld**
*Emeritusleraar van Bloemfontein en voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat.*



*Oorgeneem uit https://clf.co.za/resource-toolkit/*

**PENTECOST**

**PINKSTER**

Die naam van hierdie Pinksterreeks is "Hoop in Handelinge". Handelinge is een van die mees indrukwekkende boeke in die Bybel – dit vertel die storie van die vroeë kerk. Daar is verhale van wonderdade, geloof wat mense inspireer, buitengewone wysheid, waagmoed en menselewens wat handomkeer verander het. Dít alles te danke aan die kragtige werking van die Heilige Gees – die Gees van die opgestane Christus wat self teenwoordig is en sy kerk op aarde vestig. Tog word hierdie boek afgeskeep of net selektief gelees. In hierdie reeks word daar opnuut - met "hoop" as lens - gekyk na sewe tekste uit Handelinge. Daar gaan gekyk word na elke teks se konteks en hoe dit vir ons vandag hoop gee. Hierdie Pinksterreeks is geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld – voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat en emeritusleraar van Bloemfontein.

### ANDER HULPBRONNE

Kyk gerus ook HIER na ons jongste Preek-oordenkings, Webjoernale (Blogs) en Oordenkings wat op CLF se Hulpbronsentrum gelees en gedeel kan word.

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

# #IMAGINE SENTRAAL

**Nampo Park**
**Bothaville, VRYSTAAT**






# #imagine

>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>

## 18–20 MAART 2023

Kaartjie Koste:
**R500-00**

TWEE VENUES, DUISENDE TIENERS, EEN NAWEEK.
'N AANBIDDINGSAVONTUUR EN "EPIC" SPREKERS: WORD DEEL VAN DIE GROOTSTE INTERKERKLIKE JEUGBEWEGING IN SUID-AFRIKA.

OUDERDOMSGROEP 13 – 18 | GROEPLEIERS & VRYWILLIGERS VAN ALLE OUDERDOMME WELKOM

WWW.FACEBOOK.COM/IMAGINEMOVE  INSTAGRAM. IMAGINE_MOVESA  INFO@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA / CENTRAL@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA  079 991 7847

WWW.IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA

**CHRISTO NEL | 076 973 2006**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## VBO-Jaarprogram 2023

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling) se jaarprogram vir 2023.

Loer hier en teken aan +

## Dink nuut oor jou bediening

VBO FORUM

**Inskrywing (2023)** | 'n Program (Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing), spesiaal gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening.

Lees meer + Registreer +

## Nuut in die bediening

VBO FORUM

**7 – 9 Maart 2023** | Die volgende module in hierdie kursus gerig op predikante in die vroeë fase van hulle bediening: "Wat maak ons met die erediens?"

Lees meer + Registreer +

## Die jaar van God se genade

VBO FORUM

**15 en 16 Maart 2023** | Dit is weer tyd vir 'n kreatiewe werkswinkel oor die viering van die kerklike jaar: "Paastyd". Daar word saam gedink en saam gewerk aan die viering van Paasfees, die Sondae in Paastyd, Hemelvaart en Pinkster.

Lees meer + Registreer +

*Oorgeneem uit wwdp.co.za* (Skrywerland: Taiwan)

# Wêreldbiddag vir Vroue

**3 MAART** 2023

**Jeremia 29:1-14**

*"Ek het van julle geloof gehoor"*



# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## PUBLIKASIES EN BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om ‘n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

**E-pos: helene@bmedia.co.za**

**CLF**
Publikasie

**Loer hier »**

**CLF**
Publikasie

**Loer hier »**

**CLF**
Publikasie

**Loer hier »**

## BROKKIES UIT kerkbode

*ELDERS GELEES* | **KAAPSE NG GEMEENTE VRA TEDDIEBERE VIR TURKYE**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*17 Februarie 2023*

**LERAAR SE TOESTAND STEEDS ‘ERNSTIG’ NA VERMEENDE TREF-EN-TRAP**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*14 Februarie 2023*

*ELDERS GELEES* | **HULPBRONNE: SO KAN JY SLAGOFFERS VAN PLAASAANVALLE BYSTAAN | KURSUS VIR PREDIKANTE IN DIE MIDDELFASE VAN BEDIENING | JEUGWERKWENKE**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*9 Februarie 2023*

*ELDERS GELEES* | **TAIWAN KIES TEMA VIR WÊRELDBIDDAG VIR VROUE WAT 3 MAART PLAASVIND**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*9 Februarie 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

## Langenhovenpark

BEGINNERSKURSUS IN SESOTHO

**'N WEG NA BETER VERHOUDINGE**

Donderdae om 18:00 - 19:30
NG Gemeente Langenhovenpark Kleinkerk

| 23 | 02 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## FICHARDTKRUIN

SE GROOT FICHARDTPARK-KUIER

**KOM KAMP SAAM**

TENT / KARAVAAN
of slaap by die huis - neem net deel!

| 10 | 03 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## Noordhoek

OPTREDE | PIET SMIT

**70STE HERDENKING**

VANAF 09:30
Geen kaartjieverkope, slegs 'n sagte kollekte

| 12 | 03 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS

NUUT

NG Kerk Vrystaat

*Oorgeneem uit Kerkbode*

NG GEMEENTE

**HEILBRON-SUID**

*(Dolerend)*

LERAARSPOS

Sluit: **28 Februarie 2023**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE

**UNIVERSITAS-WES**

KONTRAKPOS

Sluit: **1 Maart 2023**

NUUT

SINODE VAN WES-KAAPLAND

SINODE

**WES-KAAPLAND**

PSD: KERKLIKE OPLEIDING

Sluit: **3 Maart 2023**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE

**THEUNISSEN**

LERAARSPOS

Sluit: **24 Maart 2023**

## Predikantenuus

VRYSTAAT

Ons bid saam vir die plekke in ons Sinodale gebied waar daar groot vloed- en waterskade gelaat is en vir leraars wat steeds huisbesoeke doen in hierdie omstandighede.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslerars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700



# MOOIGENOEG

### VERBLYF

- 173 Beddens beskikbaar (waarvan 149 stapel-beddens is)
- 7 Opgedateerde selfsorg-eenhede (24 beddens)

### LOKALE EN GERIEWE

- Groot saal ± 250 persone
- Klein saal ± 50 persone
- Kombuis is ten volle toegerus met alle nodige toerustig om op die perseel voedsel voor te berei
- Swembad en vollyball-baan
- Lekker groot braaiers

### IDEAAL VIR ...

- Groot kampe
- Troues
- Verjaarsdae
- Kombuistee / Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

# FLORADALE

### VERBLYF

- 50 Beddens beskibaar (waarvan 40 stapel-beddens en 10 in selfsorg-eenhede geakkommodeer word)

### LOKALE EN GERIEWE

- Saal ± 150 persone
- 2 Lekker groot ingeboude braaiers
- Boma

### IDEAAL VIR ...

- Klein intieme kampe
- 'n Klein intieme troue
- Verjaarsdae
- Kombuistee/ Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

## KOM EN GENIET!

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

### KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING

**KANTOOR**
Nicolene Gouws · 051 406 6700 · nicolene@ngkvs.co.za

**TERREINE**
CP Prinsloo · 082 523 7309 · ppmooigenoeg@gmail.com

# VERJAARSDAE



Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## FEBRUARIE

**28** Ds René Wessels
**VIRGINIA**

**28** Ds Charles James
**PELLISSIER**

## MAART

**03** Ds Richie Kemp
**BETHLEHEM-EUREKA**

**04** Ds Charné Viljoen
**PELLISSIER**

**04** Me Miriam Sebolai
**MOOIGENOEG KAMPTERREIN**

**05** Ds Ian Jonker
**PARYS-OOS**

**05** Ds Willie Griesel
**HERTZOGVILLE**

**08** Ds Deseré de Beer
**HOOPSTAD**

**09** Ds Ettienne Engelbrecht
**HEUWELSIG**

# 'N LAASTE GEDAGTE

TEKS: **Jakobus 4:8a** (AFR83)
**Ds Tano Bongers** | Leraar van NG Gemeente Bloemfontein-Noord

## "**Nader tot God** en Hy sal tot julle nader"

***"Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars."***

JAKOBUS 4:8

Die lewe vandag is so besig. Vroeg die oggend opstaan en regmaak vir werk. Die kinders gereed kry vir skool en die diere moet ook kos kry voor ons kan ry. Vanmiddag laat kom ons moeg by die huis na werk, sport en moet die aandroetine begin, kosmaak en dan moet sussie by die dans kom en boetie by die karate en daarna nog huiswerk ook.

Ek wonder soms of ons nog by die Here uitkom in hierdie besige tye? Waar kry gesinne nog die tyd om saam huisgodsdiens te hou? Waar kry ouers nog die geleentheid om geestelik met hulle kinders te werk? Beleef mense vandag nog die Here, of is God net 'n gedagte aan die einde van die dag waar ons aan die slaap raak terwyl ons bid?

Soms voel ons ver van Jesus af omdat ons dalk lank terug "tyd" gehad het om stil te word by Sy voete. Of dalk beleef ons 'n skuldgevoel oor dinge in ons lewens wat 'n wig bring tussen ons en die Here, want ons vergeet so maklik dat Jesus reeds vir ons sondes betaal het net soos wat Israel ook gereeld vergeet het wat God reeds vir hulle ook gedoen het.

Ons is tans aan die begin van lydingstyd.

Lydingstyd is die tyd waar ons saam met Jesus die laaste gedeelte van Sy lewe op aarde deel.

Baie mense vas ook gedurende hierdie tyd om hulle verhouding met die Here te versterk, deur iets wat hulle daagliks doen of eet te verruil vir tyd saam met die Here.

Hoe dit ookal sy en waar jy jouself ookal bevind in jou verhouding met die Here, kom gee Jakobus vandag vir ons 'n belofte - dat **wanneer ons tot God nader, SAL Hy tot ons nader**, sal ons Hom ervaar.

**Lees meer**



Foto: **Ds Tano Bongers**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Woensdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking